



DIE Stem VAN DIE Martelare



VIËTNAM
GESEEËND IS DIE SAGMOEDIGES

VREDE IN 'N
VARKHOK

VERLOOR VIR
GOD SE EER

HARDLOOP
NA HOM



"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



Jakobus 4:7-10

Bid asseblief vir ons!



Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duivel, en hy sal van julle wegvlug.

Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!

Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydskap in bedruktheid.

Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

Vervolging van Viëtnam se Christene is Nie Ou Nuus nie

Ek skat dat ongeveer die helfte van julle wat hierdie nuusbrief lees, deur die globale uitbreiding van Kommunisme en die gevolglike Koue Oorlog, wat tot in die laat 1980's voortgeduur het, geleeft het. As iemand wat daardie era beleef het, wonder ek hoeveel van ons nog nadink oor die lot van Christene in Kommunistiese Viëtnam - 'n beduidende deurlopende situasie. Ek wonder ook of ons op 'n goeie wyse aan die jonger geslag verduidelik het dat meer as drie dekades na die einde van die Koue Oorlog, Viëtnam se Kommunistiese regering voortgaan om ons broers en susters in Christus hewig te vervolg.

Alhoewel dit harde werk van ons sal verg, moet ons besluit om te verseker dat die groter liggaam van Christus die voortdurende vervolging van Christene in Viëtnam verstaan. Hierdie taak is deels ingewikkeld weens die verstaanbare mediafokus op Islamitiese terreur en vervolging, wat die afgelope dekades regoor die wêreld toegeneem het.

Kommunisme in Suidoos-Asië mag lyk soos ou of onbeduidende nuus in lig van die gewelddadige verspreiding van radikale Islam. **Maar dit is presies hoe Viëtnam se Kommuniste beoog om te wen – deur die wêreld te oortuig dat onderdrukking nie in hul land bestaan nie. Tog waarborg hul grondwet dat alle individue die reg op vryheid van geloof en godsdiens het.”**

Die kern van die Kommuniste se strategie in Viëtnam is om hul onderdrukking weg te steek. In plaas daarvan om Christene openlik te arresteer weens hulle geloofsaktiwiteite,

het Kommuniste kundiges geword in die bedrieglike strafproses van Christene deur grondbeslagleggings en tronkstraf op valse aanklagtes of geen aanklagtes nie. Soos jy dalk in hierdie maand se nuusbrief sal opmerk, doen ons ons bes om die stories van ons Viëtnamese broers en susters in Christus te deel terwyl ons vir hulle beskerming teen hul eie regering bied, wat valslik beweer om hulle vryheid te waarborg. Daarom het ons deurgaans in die nuusbrief hul gesigte op foto's bedek en sekere identifiserende besonderhede in die teks verander of uitgelaat.

Terwyl ons poog om te voldoen aan die behoeftes van vervolgde Christene in plekke soos Viëtnam, word ons by tye beperk in die materiële bystand wat ons kan verskaf; hulle vervolgers onderdruk hulle geduldig, maar aanhoudend, weier hulle toegang tot grond, elektrisiteit, onderwys en ander gemeenskapsdienste. Maar selfs wanneer ons nie in staat is om veel tasbare hulp te verskaf nie, kan ons hulle *altyd* op 'n wyse bedien wat die meeste vir vervolgde Christene beteken: Deur hul stories met ander lede van die liggaam van Christus te deel, ons kan bemoediging en gebed verskaf.

Jy kan "Die Stem van die Martelare" hierdie maand wees deur seker te maak ons vervolgde broers en susters in Viëtnam word deur jou familie, vriende en kerk onthou. Mag jy ryklik geseen word met die vrede en vreugde van die Here terwyl jy dit doen!

Ashley

Op die voorblad Wanneer Christene in Viëtnam se afgeleë stamgroepe hul geloof in Christus plaas, verloor hulle dikwels hul huise, werk, oeste en selfs toegang tot onderwys en gesondheidsorg vir hul kinders.

Bid asseblief oor skenking aan die Vervolgde Kerk. Ons broers en susters in Christus het bemoediging nodig. Meeste van hulle het nie meer toegang tot 'n Bybel nie. Help ons om Bybels in die hande van Christene regoor die wêreld te plaas.

VIR DONASIES AAN CHRISTELIKE SENDING INTERNASIONAAL gebruik asseblief enige van die volgende Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)
Verw.: U Naam/Bybels

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)
Verw.: U Naam/Bybels

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centr)
Verw.: U Naam/Bybels

God se Teenwoordigheid in 'n Varkhok

Nadat sy tradisionele stamoortuigings weens geloof in Christus laat vaar het – en daarna haar man, seun en huis verloor het – vertrou 'n Christen uit etniese minderheid in Viëtnam op die Here vir voorsiening en beskerming.



Toe Ninh se man, Doan, vir haar gesê het hy het 'n Christen geword, was sy meer verward as kwaad. "Wat beteken dit?" het sy gevra en gewonder waarom Doan hul tradisionele Hre-stamgodsdiens van voorvaderaanbidding en opoffering aan geeste sou laat vaar. Ninh het nog nooit eers 'n ander Christen ontmoet nie.

"Dit beteken ek is nie meer 'n slaaf van Satan, van sonde of van afgodeaanbidding nie," het hy verduidelik. "Ek is nou 'n seun van God en wanneer Ek sterf, sal Ek na my Vader in die hemel gaan."

In die daaropvolgende weke het Ninh gesien hoe Doan se vryheid in Christus hom verander het. En kort daarna het sy ook haar geloof in Christus geplaas. Die gesin het 'n kerk in 'n verafgeleë dorpie begin bywoon en elke Sondag vir ure in beide rigtings gestap. Maar nadat nuuskierige bure hul weeklikse reise opgemerk het, het hulle begin vrae vra. "Is die Christendom nie 'n Amerikaanse godsdiens nie?" het hulle gevra. In Viëtnam beskou die ateïstiese Kommunistiese regering die Christendom as 'n instrument van die Weste en 'n bedreiging vir sy mag en beheer.

"Ek het nog nooit 'n Amerikaner ontmoet nie," het Doan geantwoord. "n Dorpspastor het oor die liefde van Jesus, oor verlossing en oor die Bybel, vertel. Ek het net geglo." Doan het dikwels geleenthede geneem om die Evangelie aan sy ondervraers te verkondig. En ná nog drie families by hulle aangesluit het om Christus te volg, het Doan en Ninh 'n klein Christengemeenskap begin wat in hul huis byeengekom het.

Waarskuwings, toe Aksie

Toe dorpsowerhede van die klein groepie Christene uitvind wat elke Sondag byeenkom, het hulle hul probeer stop. Eerstens het Doan en Ninh 'n skriftelike kennisgewing ontvang: "Hierdie godsdiens is van die VSA," het die brief gewaarSKU. "Dit is nie Viëtnamees nie. Dit is julle eerste waarskuwing. As julle aanhou om Jesus te aanbid, sal ons julle slaan."

Vervolgens het die regering op hul grond beslag gelê. Elke keer wanneer Doan en Ninh waag om oningeslyfde gebiede skoon te maak vir nuwe grond vir hulself, het owerhede dit ook geneem. Hulle ervaring was nie ongewoon nie; nuwe Christene in stamgebiede van Viëtnam word dikwels uit hul huise en dorpe gesit.

Die egpaar het hulself as plaasarbeiders uitverhuur om hul gesin te ondersteun, maar Doan het 'n hart vir evangelisasie gehad. Hy het voortgegaan om die Evangelie

“Ons het nooit die verlies verwag wat ons sou moes dra nie.”

te deel met enigiemand wat sou luister en die kerk het nog elke week in hulle huis vergader.

Die vervolging het egter gou toegeneem en mans het Doan oral begin volg en met hom rusie probeer soek deur sy geloof en familie te beledig.

Ninh se geloof is ook getoets deur die toenemende druk. “Aanvanklik het ek gedink dat om ‘n Gelowige te wees sou beteken dat ons ‘n goeie lewe het,” het sy gesê, “waar ons geen argumente met ons bure en geen probleem met ons regering sou hê nie. Ons het nooit die verlies verwag wat ons sou moes dra nie. Soms, met sulke vervolging, het dit gevoel ek verloor amper my geloof. Maar wanneer ook al ek die Bybel lees, veral wanneer ek God se belofte lees dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie, ... het ek meer krag gehad om op te staan en voort te gaan om Christus te volg.”

Wrede Houte

Omstreeks 20:00, op 19 April 2022, het Doan en Ninh se bure ‘n geskreeu buite die egaar se huis gehoor. Volgens getuies het iemand woedend geëis dat Doan sy Christelike geloof moet opgee. “Ons gaan jou geloof van jou wegneem,” het ‘n man gesê. “Ons slaan jou omdat jy nie wil luister nie.”

Teen die tyd dat hulp opgedaag het, was Doan op die grond. Toe dorpenaars sien dat hy met sy kop teen ‘n houtleer gevallen het, het hulle hom in sy huis ingedra. Ninh het laat by die huis gekom van die werk af, so ‘n buurman het haar op die pad tegemoet gehardloop. Hy het haar gesê om vinnig te maak omdat iets met haar man gebeur het.

Toe Ninh daar aankom, kon sy sien dat Doan dringend mediese sorg benodig het. Sy kopwond het baie erg gebloeい en daar was donker kneusplekke oral op sy liggaaam. Doan is na die plaaslike hospitaal geneem, maar dokters het hom geen hoop gegee nie. Hy het nooit sy bewussyn herwin nie en is teen 01:00 dood.

Bedroef en uitgeput het Ninh gereël om Doan se liggaaam terug te kry by die huis, Met die hulp van Christene in nabgeleë dorpe, het sy toe begin beplan vir sy begrafnis.

Ninh, haar 16-jarige seun, Thai, en 5-jarige dogter, Mira, het swaar gekry in die weke ná Doan se dood. Ninh het gesukkel om te eet en te slaap en sy was te uitgeput om te werk. Haar jong dogter, Mira, het ook gely weens ‘n gebrek aan voedselinname.

Nadar die polisie verneem het dat Doan ‘n Christen was, het hulle geweier om die moord te ondersoek. Nog iets wat die gesin se probleme vererger het, was Doan se ouers wat geëis het

Hierdie foto is nie meer publiseerbaar nie a.g.v sekuriteitsredes.

▲ Ninh (middel) en haar jong dogter, Mira, het na Doan se dood in hierdie omskepte varkhok gewoon. Doan se ouers het Ninh se seun, Thai, geneem om by hulle in ‘n dorpie, twee ure weg, te woon.

dat Ninh die huis wat hulle vir die egaar as trougeskenk gegee het, moes teruggee. Hulle het Thai ook weggevind om saam met hulle in hul dorpie te gaan woon, amper twee ure se ry per motorfiets.

Binne ‘n maand nadat sy haar man begrawe het, het Ninh ook haar huis en haar seun verloor. Sy het vir twee maande by haar ma en suster gewoon, maar hulle het gou kwaad geword oor haar Christelike geloof en haar en Mira uit die huis geskop.

‘n Deernisvolle buurman het toe aan Ninh sy leë varkhok verhuur as tydelike skuiling. Met hulp van die plaaslike en globale liggaam van Christus, het Ninh die struktuur skoongemaak en herstel om dit vir haar en haar dogter leefbaar te maak.

Bemoedig om Aan te Gaan

Thai besoek so gereeld as wat hy kan, maar Ninh se doel is om haar gesin in een huis te herenig. “My gebedsversoek is dat ons saam kan wees,” het sy gesê. Plaaslike Christene het haar gehelp om grond te koop en ‘n klein huisie word vir haar en haar kinders gebou.

Ninh beplan om ‘n klein besigheid te begin om haar gesin te onderhou. Sy droom van ‘n dag wanneer hulle ‘n huis sal hê wat weer op ‘n keer as ‘n kerk kan dien. “Ek wil voortsit wat my man en ek het voor sy dood gedoen,” het sy gesê.

Tot dan word sy herinner aan God se teenwoordigheid in haar lewe deur die liefde en ondersteuning van Sy mense. “Wanneer ek by die kerk is, ontvang ek sorg, hulp en ondersteuning van broers en susters in Christus,” het Ninh gesê. “Ek voel meer bemoedig ... en meer gerus in my hart om aan te gaan en Jesus te volg.” ■



Verloor vir God se Eer

Hiens se sagte houding en sagte stem weerlê die vrymoedigheid van haar Christelike getuienis. Terwyl haar man, Cai, in noordelike Viëtnam weens sy geloof gevange geneem is, is Hien, 'n ma van drie, deur die polisie ondervra wat haar uitgetart het met 'n leuen.

"Jou man het sy geloof prysgegee en nou is hy nie meer 'n Christen nie." het hulle vir haar gesê. "Wat gaan jy doen? Gaan jy nou jou geloof prysgee?"

Onbevange het sy geantwoord: "Ek sal dit net glo indien ek dit self van my man hoor. Maar nee, al gee my man sy geloof prys, sal Ek Christus nie verloën nie."

Hien se standvastigheid en Cai se volharding in die gevangenis is versterk deur 'n verbintenis aan Christus wat deur baie beproewinge getoets is.





Goeie nuus van Buffelhandelaars

Met 'n bevolking in Viëtnam van meer as 1 miljoen mense, is die Hmong een van die groter etniese minderhede in die land. Die meeste woon in die berge van noordelike en sentrale Viëtnam, maar groot Hmong-bevolkings word ook in Laos, Kambodja en China aangetref.

Soos die meeste Hmong, was Cai en Hien animiste, wat die geeste van hul voorouers sowel as geeste wat geglo word om in die wêreld om hulle te woon, aanbid het. Hulle het waarséers en toordokters geraadpleeg om hul gesondheid en sukses te verseker, maar hulle is meegedeel dat hul voorvaders in die verlede verkeerd gedoen het en dat daar geen manier was om teëspoed te voorkom nie.

"Ons het baie onderdrukking van die donker, bose geeste gehad," het Cai gesê. "Hulle het ons gemartel en ons gestraf."

Toe het hulle 'n sprankie hoop op die internet gevind. "Terwyl ons in die dieptes was," het Cai gesê, "het ons gehoor dat daar 'n God is, die Christene se God, wat 'n kragtige God is. Maar ons het nie geweet hoe om na Hom toe te gaan nie." Die Here het hulle op 'n onverwagte manier gewys – deur Goeie Nuus wat deur waterbuffel-handelaars gebring is.

In 2021 het 'n groep Hmong Christene gevoel God roep hulle om die Evangelie in die noorde van Viëtnam te verkondig, so hulle het hul besigheid as handelaars gebruik om onopgemerk in dorpe in te kom. Toe die handelaars in Cai en Hien se dorpie aankom, het Cai en sy vriende vir die buffelhandelaars vertel dat hulle onder die vloek van die bose geeste gelewe het. Die handelaars het op hul beurt die geleentheid gekry om hulle te vertel van Jesus Christus, die God wat hulle kon bevry van geestelike onderdrukking.

Nadat die buffelhandelaars teruggekeer het na hulle tuisdorp, het hulle Cai gebel

◀ Cai en Hien het die Goeie Nuus gehoor by evangeliste wat ook as waterbuffel-handelaars gewerk het. Hierdie Hmong-vrou (volgende bladsy) woon in 'n afgeleë bergdorp, waar sulke taktiek dikwels nodig is om die Evangelie te versprei.



“Ons het Christus aangeneem en ons wou God aanbid,” het Cai verduidelik, “maar ons het nie geweet hoe om God te aanbid nie.”

en voortdurend die Evangelie met hom en Hien gedeel. Met verloop van tyd het hulle en vyf ander gesinne hul geloof in Christus geplaas.

Kort daarna het Cai en Hien, in die nag, die geestesaltaar in hulle huis afgebreek en dinge wat hulle tot hul vorige oortuigings verbind het, verbrand.

Toe bure opgemerk het dat die egaar se altaar vermis is, het hulle geweet iets het verander. Aanvanklik het Cai stil gebly oor sy geloof. “Ek het die erge vervolging van ander Christengesinne gesien wanneer hulle hul geloof aan ander openbaar het,” het Cai gesê, “so ek was baie versigtig om die Evangelie aan ander mense te verkondig.”

Tog wou Cai en Hien getrou aan Christus wees. “Ons het geweet dat ander Christene vervolg is,” het Cai gesê, “maar in ons situasie is dit steeds baie beter om in Christus te glo sodat ons Hom het om ons in ons lewe te help.”

Hulle het gou geleer dat om stil te bly oor hulle geloof geen waarborg vir vrede met plaaslike owerhede was nie. Toe die dorps hoof, ‘n toordokter, verneem het dat hul altaar vermis was, het hy iemand na hul huis gestuur om dit teen hul wil te

herbou.

Die oomblik toe die werker weg is, het Hien die altaar weer afgebreek en dit in ‘n vuur gegooi. Sy en Cai was daartoe verbind om vir Christus te lewe. En die eerste stap, het hulle besluit, was om by ander Christene in hul dorp aan te sluit en hul geloof as ‘n kerk openbaar te maak.

Geregistreerd, maar is Vervolg

Cai, Hien en die ander nuwe Gelowiges was nie seker wat dit beteken het om ‘n kerk te wees nie, maar hulle was gretig om te leer.

“Ons het Christus aangeneem en ons wou God aanbid,” het Cai verduidelik, “maar ons het nie geweet hoe om God te aanbid nie.” Aanvanklik het die Christene vroeg in dieoggend of laat in die nag byeengekom om die wakende oë van staatsamptenare te vermy. “Hulle het ons so streng beheer,” het hy gesê. “Hulle het ons oral gevolg.”

Die Christengesinne het gou besluit dat die beste manier om meer vryheid te verkry was om by een van die amptelike Christelike denominasies in Viëtnam te registréer. Hulle het

“Alles wat ons tot op daardie tydstip ontvang het, het hulle weggenem,” het Cai gesê. “Dit is nie net dat jy nie by die program kan aansluit of dat hulle jou reg neem om iets nuuts te ontvang nie, maar hulle vat ook dit wat jy voorheen gehad het.”



▲ Ten spyte van hul verliese en voortdurende dreigemente, het Hien en Cai (gesigte bedek vir sekuriteit) ’n vreugdevolle visie om hulle dorpie en streek met die Evangelie te transformeer.

gedink regeringsregistrasie sal plaaslike amptenare op hul gemak stel en hulle verseker dat die Christene die wet volg en goeie burgers is.

Dit het die teenoorgestelde effek gehad. Die registrasie is op provinsiale en distriksvlake van die regering aanvaar, maar dit het ’n woedende terugslag van hul dorpie se plaaslike regering veroorsaak.

Cai, Hien en die ander Christene was herhaaldelik na vergaderings en ondervragings ontbied waartydens owerhede geëis het dat hulle hul geloof moet verslaak en terugkeer na voorvaderaanbidding.

Toé die owerhede se eise nie resultate opgelewer het nie, het hulle begin om die families se eiendom te konfiskeer – grond, sade, selfs onlangs geoeste produkte. Hulle het hout gesteel wat ’n gesin in die bos versamel het om hul huis uit te brei, hulle het ’n veld toegespan waar Cai reeds geplant en soldate gestuur het

om die oeste in te samel en hulle het ’n bark gesteel wat Cai en Hien vir meer as ’n jaar grootgemaak het en dit vir ’n geestesfees geslag.

Baie minderheidsgroepe soos die Hmong ontvang grondtoelaes, finansiële ondersteuning en ander regeringshulp om hulle te help om te oorleef. Die owerhede het hierdie families van enige bystand gestroop en beweer die Christene en hul “vreemde” geloof is dislojaal teenoor die Viëtnamese mense.

“Alles wat ons tot op daardie tydstip ontvang het, het hulle weggenem,” het Cai gesê. “Dit is nie net dat jy nie by die program kan aansluit of dat hulle jou reg neem om iets nuuts te ontvang nie, maar hulle vat ook dit wat jy voorheen gehad het. As hulle jou gehelp het om ’n buffel of ’n boom te koop om in die veld te plant, het hulle die buffel, die bome, alles gevat.”

Die polisie het die Christene se huise deursoek, op soek na selfs die kleinste bewys van oortreding of van weerhouding van enigsies wat hulle geglo het moet aan die gemeenskap behoort. Toe het die situasie selfs erger geword.

“Hulle het ons elektrisiteit ontkoppel,” het Cai gesê. En die aand nadat die krag afgesny is, het iemand ’n groot klip op hulle grasdak gegooi en ’n deel van die struktuur gebreek wat hul kinders, wat toe 3, 4 en 6 jaar oud was, bang gemaak het.

Die ander Christengesinne het soortgelyke behandeling gekry. Een Christen het berig dat soldate sy 18-jarige suster en sy skoonsuster tydens hul soektog seksueel aangerand het. Die polisie het geweier om hul klage te oorweeg en gesê die Christene hoort nie meer in die dorp nie en was dus nie geregtig tot beskerming nie.

Aanvaar Gevangenisstraf

Plaaslike leiers was nie tevreden met die uitskakeling van die Christengesinne uit die gemeenskap en dat hulle van hul lewensbestaan beroof is nie. Hulle het ’n spesiale straf vir die drie mans gehad wat probeer het om hul kerk te registreer.

Op 26 Oktober 2022 het die polisie Cai en twee ander Christene gearresteer. Hulle is vir meer as twee maande aangehou voordat hulle formeel aangekla is en hul families het geen inligting ten opsigte van hul heenkomse of welstand ontvang nie.

“Voor ons inhegtenisname het ons reeds ’n baie moeilike tyd gehad,” het Cai gesê. “Hulle het allerhande slechte dinge aan ons gedoen nog voor ons tronk toe is. Maar toe ek hof toe geneem is en daarna tronk toe gestuur is, was dit nog moeiliker vir ons. Ek was in die tronk, my vrou het nie geweet wat met my gebeur het nie en ek het nie geweet wat met my vrou en my kinders by die huis gebeur nie. Dit was ’n baie donker en angswakkende tyd vir ons.”

Uiteindelik is die drie mans van diefstal aangekla.

“Die dorps hoof het vir die regter gesê dat ons die rys en die veld van dorpenaars geneem het,” het Hien gesê. “Toe ek die hofsitting bygewoon het, het ek gevra: ‘Wie is die dorpenaars dat ons die rys van hulle neem?’ Hulle het gesê: ‘In die reël neem jy dit van die

mense af weg.”

Die dorps hoof het aangevoer dat die Christene nie ‘n reg op regeringshulp het nie. Daarom is enige staatsvoorsiene goed wat hulle besit het – selfs dié wat hulle ontvang het voordat hulle Christene geword het of dit wat hulle van hul eie werk of beleggings gegroeи of verwerf het – deur dorpenaars as “gesteel” beskou.

Die drie mans het vir regsverteenwoordiging gevra, maar hul versoek is geweier. En toe hulle gevra het om bewyse te sien en om getuies te kruisondervra, is dit ook geweier.

“Toe ons gevra het van wie ons gesteel het of watter ander goed ons gedoen het,” het Cai gesê, “kon die dorps hoof nie eers een bewysstuk gee nie. Tog het hy die regter gevra om ons vir vyf jaar in die tronk te sit.” Ná hul uiteindelike skuldig bevinding, het die regter elke man tot een jaar tronkstraf gevonnis.

Cai het geweet hy kan by hoër howe of menseregte-organisasies appelleer, maar ‘n ander gedagte kompeteer met sy begeerte na geregtigheid. “Ons het met mekaar gepraat en ons het gesê dat ons hulle nie kon wen deur met hulle te argumenteer nie,” het Cai gesê. “So, ons het besluit dat ons die verlies sal aanvaar en so tronk toe sal gaan sodat die Here deur ons sal skyn. Menslik gespreek, het ons niemand gehad om ons te help nie, maar God is met ons. Die Here sal ons help gedurende ons tyd in die tronk. Ons het gesê dat ons sal verloor sodat die Here kan wen.”

Cai was sowat 209km van sy huis af in die tronk, so Hien kon hom uiteindelik gereeld besoek. Alhoewel Cai verlig was om weer sy familie te sien en van hulle te hoor, was hul besoek nie altyd gerusstellend nie. Hy het geweet dat Hien, wat nou hul drie kinders alleen grootmaak, uit die gemeenskap verdryf is, sonder elektrisiteit lewe en sukkels om basiese behoeftes te bekom.

“Die ding waaroor ek die meeste bekommerd was, was dat my vrou en my familie hul geloof sou prysgee as hulle te bang was,” onthou Cai. “Ek moes Christus volg en ek sou nie verander nie. Persoonlik het ek dit geweet, maar ek was bekommerd oor my vrou en my gesin daarbuite.”

Sommige van die Christene het oor die grens na Laos gevlug en Hien aangemoedig om hulle te volg, terwyl ander voorgestel het dat sy haar geloof versaak. Toe het Hien die owerhede se leuens begin hoor – dat Cai sy geloof in die tronk versaak het – wat deur ander dorpenaars herhaal is. Maar Cai hoef nie oor Hien bekommerd te wees nie.

“Selfs al bly Cai in die tronk, glo ons in Jesus en het ons die ewige lewe,” het sy aan twyfelende vriende gesê. “As hy hier vry is en nie in Jesus glo nie, sal ons nie die ewige lewe hê nie. Wat is



belangriker? Ons wil die ewige lewe hê, sodat ons enige lyding in ons lewe kan aanvaar.”

Terwyl Hien op haar man se vrylating gewag het, het sy haar kinders geleer om hulle oë op Jesus Christus gevestig te hou. “Ek het aan my kinders verduidelik dat hulle pa in die tronk was omdat hy ‘n Christen geword het, maar God was met hom,” het Hien gesê. “Ek het vir my kinders gesê: ‘Nou sal ons saam bly en God sal met ons wees, en God sal help om julle pa gou vry te laat.’ God is met my, selfswanneer ek swaarkry, en God verstaan my. Dit is hoekom ek nie huil of jammer voel daaroor nie.”

Hoop en ‘n Toekoms

In November 2023 is Cai – die laaste om vry te laat – na 13 maande tronkstraf vrygelaat. Die Christene in sy dorp het egter in dieselfde onderdrukkende situasie gebly waarin hulle was toe hy gearresteer is: Hulle het geen grond, geen elektrisiteit en geen toegang tot gemeenskapsdienste of beskerming gehad nie. Sommige van die families is geboortesertifikate vir hul kinders geweier en Cai en Hien se kinders is registrasie by die plaaslike skool geweier. Nietemin was hulle bly om God weer as ‘n gesin te



“Ons sal verloor sodat die Here kan wen.”



aanbid.

Cai het gesê sy geloof in Christus is deur die vervolging versterk wat hom 'n dapper visie vir sy gemeenskap gee. "Die Hmong-mense wat Christene is in die area waar ek woon, word vervolg," het hy gesê, "en hulle vlug na Laos, hulle vlug na die suide. Maar ek wil nie weggaan nie, sodat ek vir ander mense 'n getuie van Christus kan wees en ander mense vir Christus in hierdie gebied kan wen. Ek weet nie watter soort vervolging na my toe kom nie, maar ek het vir God gesê dat ek sal bly. Ek bid dat God my sal help om dit te doen."

Cai vra vir gebed dat hul klein kerk, wat in sy huis byeenkom, sal voortgaan om God te dien en dat hy die geleentheid sal kry om 'n getuie te wees vir ander dorpenaars in die omgewing, insluitend diegene wat sy familie vervolg.

"Ek glo sterk dat hulle my fisies kan vervolg, my kan leed aandoen, hulle kan enigets aan my doen," het Cai gesê, "maar geestelik kan hulle niks aan my doen nie. Ek het God aan my sy en ek sal by God wees. Ek weet dat ek na hierdie lewe op aarde vir ewig by Hom in die hemel sal wees.

"Die mense wat my vervolg weet dit nie en hulle ken God nie," het hy voortgegaan. "Dit is hoekom hulle my vervolg. My hoop en my gebed is dat ek sal aanhou ly onder die vervolging ... en dat baie mense in die land waarin ek nou leef, in die nabye toekoms Christene sal word."

▲ Die families van die drie mans wat in die tronk was gaan voort om vir gebed en gemeenskap byeen te kom, op soek na geleenthede om hulle bure van Christus te vertel. (Gesigte bedek vir sekuriteit.)

Ewe toegewyd aan haar geloof in Christus, het Hien se moed en vrygewigheid sommige van haar vyandige bure verras. Ten einde haar gesin te kan voed, het Hien gereeld wilde wortels en vrugte in die bos geoes. En ten spyte van die groot behoeftes van haar eie gesin, het sy genoeg probeer versamel om 'n ouer vrou in die dorp te onderhou wat niemand gehad het om vir haar te sorg nie.

"Sy het gesê dat om liefde aan ander te openbaar, ons hulle vir Christus kan wen," het 'n Frontlinie-Werker gesê. "In plaas daarvan om die kos te verkoop om geld te kry, wou sy dit vir die dame gee om vriendelikheid te betoon. So in haar moeilike situasie dink sy steeds daaraan om ander te help."

Hien het 'n passie om Christus met ander te deel en wil graag Cai help om formele Bybelopleiding te kry. Bewus van die teenspoed wat 'n lewe van Christelike bediening vir hulle kon inhoud, het sy die verlange wat sy en haar man deel, opgesom: "Ons wil hê ons lewens moet skyn sodat die ander mense in die dorpe Christus kan ken." ■

“My hoop en my gebed is dat ek sal aanhou ly onder die vervolging ... en dat baie mense in die land waarin ek nou leef, Christene sal word.”



Saam in Diens en Lyding

'n Christenegpaar in Viëtnam het na meer as 25 jaar van bediening vervolging weens hulle geloof trotseer, sowel as ernstige gesondheidsprobleme, maar nikks kan hulle keer om die Goeie Nuus van Christus onder die land se etniese minderhede te verkondig nie.

Binh en Thanh was nie die mees waarskynlike sendelinge om aan die inheemse bevolkingsgroepe van Viëtnam se Sentrale Hooglande te bedien nie. Hulle was stadsmense, het 'n stadsopvoeding gehad, en was gewoond aan stadsgeriewe wat nie in die afgeleë dorpies bestaan het nie. Nie Binh of Thanh het tydens hulle grootwordjare 'n lewe van Christelike bediening in gedagte gehad nie. Alhoewel hy in 'n Christelike gesin grootgemaak is, was Binh 'n kwaai jongman op die ouderdom van 19, wat te veel gedrink het en

gereeld in gevegte betrokke geraak het. Maar na 'n droom oor Christus, het Binh homself weer verbind om Hom getrou te volg.

Twee jaar later het Binh vir Thanh in 'n Christelike jeuggroep ontmoet en nadat hulle getroud is, het hulle hul lewens toegewy om die Here as vennote in die bediening te dien. Terwyl Binh op kweekskool was, het hy elke aand sy lesse met Thanh gedeel wanneer hy van die klasse af by die huis kom. En later, toe die polisie Binh na die hoofkwartier

ontbied vir ondervraging oor sy Christelike geloof en kweekskoolstudies, het Thanh hom vergesel en gedeel in die slae en vernedering wat hy trotseer het.

“Ons het ons hele lewe aan die bediening gewy,” het Thanh gesê. “Ons het saam die Bybel bestudeer, ons het saam gewerk, so ons was ook saam geslaan.”

Toe, in 1997, het die Here die jong egaar gelei om die Evangelie aan stamgroepe in die Sentrale Hooglande te verkondig, een van die mees geografies geïsoleerde en uitdagende gebiede van die land. Baie gemeenskappe in hierdie gebied is verarm, met swak ontwikkelde paaie en slegs onvoldoende nutsdienste. Owerhede is ook versigtig vir invloede van buite in die streek en beskuldig buitelandse gebaseerde dissidentegroepe daarvan dat hulle gewelddadige aanvalle teen die regering ondersteun.

* * *

Nadat hulle hul Christelike geloof en bediening binne die jeuggroep begin het, was die egaar se eerste instink om na ander jongmense uit te reik.

Hulle was hartseer om te sien hoe die jeug deur druk van plaaslike owerhede beïnvloed is. Toe hulle gekonfronteer word met die dilemma om hul geloof te versaak of uit die skool geskop te word, het baie opgehou om kerk by te woon. Sommige het selfs vermy om met Binh en Thanh te praat, uit vrees dat onderwysers en skooladministrateurs hulle met Christene sou assosieer.

Binh en Thanh het deurgedruk, en daar was baie getroue jongmense wat die kerk wou sien floreer. Soos die kerk egter gegroei het, so ook het vervolging toegeneem.

“Baie kere toe ons saam die erediens gehou het, het die polisie gekom en ons almal na die polisiestasie gebring,” het Binh gesê. Diegene wat nie hul geloof in Christus versaak het nie, is beboet.

Aangesien die gemeentelede meestal studente met min geld was, het Binh en Thanh hul persoonlike besittings verkoop, selfs hul rys, om die boetes te help betaal. Binh het die res van die skuld afgewerk deur geringe arbeid vir die regering te doen.

Die egaar het egter gou besef dat hulle ‘n nuwe benadering tot die bediening nodig gehad het. Kommunistiese owerhede in Viëtnam is oor die algemeen skepties oor Christelike evangelisasie en die verhoogde sekuriteit en ondersoek in die Sentrale Hoogland het vereis dat hulle uiters versigtig moes wees.

“Ons kon nie as Bybelleraars gaan nie, want ons sou bedreig word,” het Thanh gesê. “In plaas daarvan het ons as sakelui gegaan.” Hul dekmantel het geleenthede gebied om verhoudings te bou en die Evangelie te verkondig – Gelowiges te onderrig, op te lei en te bemoedig.

“Ons kon nie mense na ons huis nooi nie en ons kon nie ‘n vaste ontmoetingsplek hê nie,” het Thanh gesê. “In plaas daarvan het ek en my man na ander Gelowiges se huise gegaan. Ons sou twee mense hê wat voor bly om uit te kyk vir die polisie en te bid, terwyl die res in die huis sou bly en

die Bybel leer.” Soos die kerk tot 150 lidmate gegroei het, het Thanh gesê dat hulle nuwe leiers begin oplei het om na ander dorpe te gaan en nuwe kerke te begin.

Vandag lei hulle ‘n span van 25 evangeliste wat met 10 verskillende stamgroepe in drie provinsies werk. Maar die evangeliste wat Binh en Thanh opgelei het, trotseer nou meer vervolging as wat die egaar as jong sendelinge trotseer het.

Een van die mees uitdagende veranderinge was die regering se nuwe benadering tot vervolging. “Die regering besef dat vervolging in die vorm van slae nie werk nie,” het Binh gesê, “so hulle het verander hoe hulle Christene vervolg.”

Owerhede dwing Christene nou om hulle geloof te versaak deur noodsaaklike behoeftes en voorregte van hulle te ontneem. Binh het gesê hy het geweet van ‘n ouer Christen wat, nadat hy vir baie jare vir die regering gewerk het, sy pensioen weens sy geloof in Christus verloor het. Toe owerhede van die man se

Christelike geloof verneem, het hulle gedreig om sy pensioen te weerhou tensy hy Christus verloën het. Hy het Christus gekies en sy lewensbestaan verloor.

Ander Christene uit etniese minderhede het sosiale ondersteuning, mediese sorg, grondtoelaes en opvoedkundige geleenthede verloor. In verarmde gemeenskappe soos dié in die Sentrale Hooglande, kan hierdie ontberings ‘n kwessie van lewe en dood wees. Tog, het Binh gesê, stel hul liefde vir Christus hulle in staat om in die geloof te volhard.

“As ek hulle die Bybel leer,” het Binh gesê, “moedig ek hulle altyd aan dat wat ook al met elkeen van ons gebeur, in God se beheer is, en God is ons hoop. Ons vertrou net alles aan God toe en wag vir Sy antwoorde.”

Hulle het gesien hoe God antwoorde op verskeie maniere verskaf. Christene in ander dele van Viëtnam het hulp verleen aan hulle broers en susters wat baie verloor het as weens hulle geloof in Christus. En regeringsbeperkings het ietwat verslap om bedieningswerk in die area toe te laat.

“Hulle sien dit wanneer die Woord van God mense se harte raak, hulle het ‘n beter lewe en maak nie moeilikheid vir die regering nie,” het Binh gesê.

In 2011 het Thanh ‘n kankerdiagnose ontvang wat gelei het tot veelvuldige operasies, moeilike behandelings en maande van hospitalisasie. Maar om in ‘n hospitaal vas te sit, het Thanh nie gestuit om die Evangelie te verkondig nie. Sy skat dat sy tydens haar behandelings om en by 100 mense gehelp en na Christus gelei het.

Thanh kan nou nie so gereeld of so ver saam met haar man reis nie, maar hulle beskou steeds hul bedieningswerk as ‘n gesamentlike roeping. Alhoewel Binh alleen in die berge reis vir persoonlike opleiding, neem hulle albei aan aanlyn-dissipelskap deel. En Thanh, met Binh aan haar sy, hou steeds gebeds- en aanbiddingsdienste in die hospitaal en verbind pas ontslaande pasiënte met kerke naby hul huise.

“Bid asseblief vir ons sodat ons ons roeping sal voortsit,” het Binh gesê. “Bid dat God vir ons en ons werkers sal voorsien terwyl ons voortgaan om te evangeliseer. Bid dat die regering die krag van God sal sien.” ■

Gebedsdagboek November/Desember 2024

NOVEMBER 2024

| | | |
|------|-----------------|--|
| S 17 | ISRAEL* | Bid vir Bybelverspreiding, evangelisasie, dissipelskap en pogings om kerke te plant. |
| M 18 | LIBANON | Bid vir 'n aktiewe getuienis vir Christus onder Hezbollah, Al-Kaïda en die selfgeoproklameerde Islamitiese Staat (ISIS). |
| D 19 | IRAN | Bid dat plaaslike pastors die praktiese en theologiese onderrig sal ontvang wat hulle nodig het om hul huiskerke te lei. |
| W 20 | CHINA | Bid dat herders van huiskerke die wysheid en genade sal hê om goed te lei en vrymoedige geloof te inspireer. |
| D 21 | SAR** | Bid vir kerke wat na die honderdduisende ontworteldes omsien. |
| V 22 | BANGLADESJ | Bid dat God in die behoeftes van Christene sal voorsien wat weens hul geloof uit hul huise verdryf word. |
| S 23 | TUNISIË | Bid vir die wysheid van Tunisiese kerkleiers terwyl hulle hul klein gemeentes lei. |
| S 24 | KAZAKSTAN | Bid dat Gelowiges nie moedeloos sal word nie, maar blymoedig en goed toegerus sal bly om in geloof te groei. |
| M 25 | EGIPTE | Bid vir die wysheid en moed van Christene wat risiko's neem om Christenbekeerlinge uit Islam in dissipelskap op te lei. |
| D 26 | MIANMAR (BIRMA) | Die meeste Birmaanse Bybels word in die land ingesmokkel. Bid dat elke Christen 'n kopie sal ontvang. |
| W 27 | DRK*** | Bid dat Islamitiese militante hul wapens sal neerlê en na Christus sal draai. |
| D 28 | MAURITANIË | Bid dat die land se Islamitiese leierskap wette sal herroep wat bekering tot die Christendom verbied. |
| V 29 | DJIBOETI | Vra die Here om Christene te inspireer om die Evangelie met hul Moslembevolking te deel. |
| S 30 | KENIA | Bid dat baie Somaliërs wat in Kenia woon die Evangelie sal hoor en Christus sal leer ken. |

DESEMBER 2024

| | | |
|------|--------------|---|
| S 1 | BAHREIN | Bid dat voortdurende politieke, godsdienstige en ekonomiese spanning evangelisasie en dissipelskap onopgemerk sal laat verbygaan. |
| M 2 | MALEDIVE | Frontlinie-Werkers neem baie risiko's om die Evangelie te verkondig. Bid vir hulle wysheid en genade. |
| D 3 | VAE**** | Bid dat buitelandse Christenwerkers geleenthede sal kry om die Evangelie met Emirate te deel. |
| W 4 | IRAK | Bid vir evangeliesiepogings onder die Shabak, 'n Moslem-mensegroep wat nog met die Evangelie bereik moet word. |
| D 5 | LAOS | Bid vir jongmense soos die 18-jarige Rung wat uit hul huise moet vlug nadat hulle hul geloof in Christus geplaas het. |
| V 6 | SOMALIË | Bid dat lede van al-Shabaab deur die leuens van Islam sal sien en na Christus sal draai. |
| S 7 | KOEWEIT | Bid vir groter toegang tot God se Woord in beide digitale en gedrukte formaat. |
| S 8 | OMAN | Bid dat vervolgers na Christus getrek sal word deur die vergifnis en liefde van Christene. |
| M 9 | BENIN | Bid dat 'n plaaslike toordokter wat probeer toor en kerkdienste ontwrig, vrede in Jesus Christus sal vind. |
| D 10 | KATAR | Bid dat die Here nuwe Christene in gemeenskap met ander Gelowiges sal lei sodat hulle dissipelskap kan ontvang. |
| W 11 | SIRIË | Bid dat Islamitiese groepe nie ongehinderd sal bly in hul onderdrukking en misbruik van Christene nie. |
| D 12 | ALGERIË | Bid vir pogings om Algeriese Christene te help wat uit hul huise geskors is. |
| V 13 | TURKMENISTAN | Bid vir Frontlinie-Werkers wat Christelike lektuur regoor die land versprei. |
| S 14 | OESBEKISTAN | Vra die Here om 'n nuwe generasie Oesbekiese kerkleiers en evangeliste op te rig en toe te rus. |

* (INSLUITEND WESBANK EN GAZA)

** SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK

*** DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO

****VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

Christelike Sending Internasionaal



The Voice of the Martyrs
Die Stem van die Martelare

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)

E-pos: cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org |

Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

